16 Maart 2020

NUUSBRIEF 2/2020

Geagte Ouers

Na aanleiding van die Regering se dringende aankondiging gisteraand in verband met die invloed van die Koronavirus op ons land, het die Beheerliggaam vanoggend tydens 'n dringende Beheerliggaams-vergadering die volgende besluite geneem:

1. SKOOLSLUITING EN HEROPENING

Die skool sluit eerskomende Woensdag, 18 Maart 2020 om 11:00 vir alle leerders. Skool heropen weer op Dinsdag, 14 April 2020 om 07:15.

2. RAPPORTE EN OUERAAND

Rapporte word Woensdag, 18 Maart 2020, tydens skoolure uitgedeel en die geskeduleerde oueraand word gekanselleer.

3. SPORTTOERE EN BUITEMUURS

Alle geskeduleerde toere vir hierdie vakansie is afgestel asook alle buitemuurse oefeninge wat hierdie week sou plaasvind:

- Klereoorhandigingsfunksie Uitgestel
- Netbal: Streekproewe Uitgestel
- Oueraand Afgestel
- Graad R Waterkaskenades Uitgestel
- Musicanti ala Thabazimbi Uitgestel
- Rugbytoer: Eerstespan Afgestel
- Rugbyklinieke: 0/9 – 0/11 Afgestel
- Atletiek: SA Kampioenskappe Uitgestel
- Netbal: Provinsiale proewe Uitgestel
- Diskonto boekuitstalling Uitgestel
- Registrasies 2021 Uitgestel

Baie dankie vir u begrip en samewerking in hierdie verband e nook vir u ondersteuning die afgelope kwartaal.

Groete

_____

Mnr H Brits
VOORSITTER: BEHEERLIGGAAM